

**DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE
INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING,
EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE
INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN
VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE,
WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.**

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

02/01 - Jeug/P.E.-Noord

ALGOA RING (2011-2012)

**2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN
PROJEKLEIER:**

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Johan Marais	Bianca Harris + Rocky Lamastra
POSADRES	NG Kerk PE Noord	NG Kerk PE Noord
E-POS	jgmarais@telkomsa.net	jgmarais@telkomsa.net
FAKSNOMMER	041-4534939	041-4534939
TEL. WERK	041-4510431	041-4510431
TEL. HUIS	041-4510431	041-451-431
SEL.	0845220179	0845160586

	30 Julie 2010
--	---------------

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die doel van die projek is om die jeug in ons omgewing en veral in die gemeenskap
tot 'n lewende verhouding met God te lei.
As gestuurde gemeente van God wil ons uitreik na die geweldige aantal jongmense in
ons omgewing wat glad nie die Here ken nie en wat veral naweke doelloos rond dwaal.
Ons jeug moet 'n voorbeeld wees van gesturdes van God wat die gemeenskap en
die gemeenskap se kinders bedien en Jesus se beeld uitdra na almal rondom ons heen.
Elke Vrydag word 'n bord kos aan ongeveer 80 kinders voorsien - Baie van hierdie
kinders se enigste voedsame ete vir die week.
So leer ons kinders ook dat die Here Jesus deur sy kerk vir ons sorg.
Met die vakansieprojek word ongeveer 150 kinders bereik. Die meeste van hierdie
kinders sien nie uit na vakansie nie – daarom reik ons uit na hulle deur drie dae van
geestelike sowel as ander aktiwiteite. So hou ons die kinders uit die strate,
voorsien kos, stimuleer gesonde speletjies en dra die evangelie van Jesus uit.
Baie kinders wat bereik word, ook van hulle ouers, word deel van die gemeente.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Persone – Kinders en jongmense in gemeenskap en jeug van PE Noord
Gemeente – uitbou van God se koninkryk
Gemeenskap – Drie skole in die omgewing steun op kerk om waardes by kinders te vestig. Uitreike na Kinderhuise, Oue Tehuise en ook huisgesinne in die gemeenskap

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Weeklikse byeenkomste – Vrydagaande	Jan - Nov
Saterdag – skoonmaak en instandhoudingwerk aan geboue	Jan – Nov
Geestelike Kamp	Mei / Jun
Vakansieprojek	Sep
Gemeenskapsprojekte	Jan – Nov
Besoeke aan kinderhuise, hospitale en oue tehuise	Jan - Nov

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Bianca Harrison	PE Noord
Rocky Lamastra	PE Noord
Belinda Nel	PE Noord
Barend Olivier	PE Noord
Johan Marais	PE Noord
Germa Marais	PE Noord
Monique Killian	PE Noord
Sylvia Labuschagne	PE Noord

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Eetgerei	150
Bybels en geestelike leesstof	150
Klank en Musiek toerusting	
Balle, kryt, verf, klei, speletjies, ens	
Lamineermasjien	
Vervoer is geweldige probleem – mense het nie motors nie -	
Ons droom is 'n bussie vir die jeug, want baie van ons kinders	
Was nog nooit uit die omgewing en selfs by die see nie.	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Tikwerk, fotostate, en alle administratiewe werk	deurlopend

6.4 ANDER:

Enige persone met vaardighede wat bruikbaar is, sal waardeer word.

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
VAKANSIEPROJEK (R25PER KIND VIR ALLE ETES ING)	4000
Kinderhuise/oue tehuise/hospitale/kospakkies, ens	1000
REKENAARUITGAWES	800
SKRYFBEHOEFTE EN TOERUSTING	1100
DRUKWERK	100
Etes/verversings, ens (R3 per kind per ete)	9 000
TOTAAL	R16 000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
Ons beplan projekte per kwartaal en daarom word fondse kwartaaliks oorbetaal.	R4000 per kwartaal

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Kwartaaliks in PE Noord se bankrekening

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Ons gemeente het 'n klerewinkel waar tweedehandse klere aan ons gemeente en
gemeenskap verkoop word teen R5 of R10 stuk. Die geld word weer vir 'n
sopkombuis gebruik waar elke Saterdag sop en brood aan tussen 300 – 400 mense uit
die gemeente en gemeenskap voorsien word. Die Here voorsien wonderbaarlik maar
ons is nie in staat om die jeug- en vrouebediening te finansier nie. Daarom doen ons
aansoek vir hulp .